

EFFEKTIEWE BEMESTINGSPRAKTYKE



Vir koste-effektiewe bemesting kan die belangrikheid om grondmonsters te neem nie genoeg beklemtoon word nie.

Om onnodige bemestingskoste te vermy is dit noodsaaklik om bemesting aan te pas volgens grondontledings en gewasbehoefte. Insetkoste kan sodoende bespaar word waar voldoende plantvoedingstowwe in die grond teenwoordig is.

Die neem en ontleding van grondmonsters is goedkoper in vergelyking om foute te maak met hedendaagse bemestingskoste, veral waar daar regstellings gemaak moet word.

Die basis van plantvoeding word bepaal deur die chemiese, fisiese en biologiese eienskappe van die grond. Beperkende faktore in die grond moet aangespreek word deur die korrekte praktyke saam met 'n gefokusde bemestingsprogram te volg.

Daar word aanbeveel dat grondmonsters minstens elke 3 jaar geneem word. Monsters kan selfs op korter intervalle geneem word waar daar produksie of ander probleme voorkom.

Nadat die grond ontleed is deur 'n geakkrediteerde laboratorium (Agri-LASA), kan 'n landboukundige die nodige aandag gee aan:

- Beperkende faktore
- Vorige bemestingsprogramme
- Produksie en groeikrag
- Nuwe bemestingsprogram
- Blaarontledings
- Grondgesondheid

Spesiale aandag moet ook gegee word aan grondgesondheid, kalsium- en swaelvoeding, aangesien dit die effektiewe benutting van stikstof, fosfaat en kalium kan beïnvloed.

Die bydrae van voedingstowwe deur misbronne moet in berekening gebring word in die bemestingsprogram, asook die indirekte bydrae t.o.v verbeterde effektiwiteit van voedingstowwe toegedien en grondgesondheid.

Atlantic Fertilisers is behulpsaam met die neem van grondmonsters, asook die interpretasie daarvan om sodoende gefokusde programme saam te stel.

[Kontak ons gerus!](#)

